

Lees: Psalm 78

Fokus: Psalm 78:3-4

Psalm 78 - 'n Maskiel. Van Asaf.

My volk luister na my onderrig;
spits julle ore vir die woorde uit my mond.

² Ek gaan my mond oopmaak vir 'n spreuk,
ek gaan raaisels uit die verlede na vore
haal.

³ **Wat ons gehoor het en weet,
wat ons voorouers aan ons vertel het,
⁴ mag ons nie vir ons kinders wegsteek
nie.**

**Aan die volgende geslag sal ons die
roemryke dade van die HERE vertel:**

**van sy mag en die wonders wat Hy
gedoen het.**

⁵ Hy het 'n bepaling neergelê in Jakob,

'n wet vasgestel in Israel:

Wat Hy ons voorouers beveel het,
moet aan hulle kinders bekend
gemaak word,

⁶ sodat die volgende geslag dit sal
weet,
die kinders wat nog gebore moet
word,
sal opstaan en dit aan hulle kinders
vertel,

⁷ en sodat hulle weer hulle vertrou in
God kan stel,
God se dade nie vergeet nie
en sy bevele nakom.

⁸ Hulle mag nie soos hulle voorouers
wees nie –

'n hardkoppige en opstandige geslag,
wie se harte onbestendig was
en wie se gees nie aan God getrou
was nie.

Tema: Die HERE beveel verbondsouers: Vertel jou kinders van die wonderdade van die HERE.

Wat is die beste ding wat ouers aan hulle kinders in hierdie lewe kan gee?

Is dit rykdom?

Nee, die Skrif sê rykdom vergaan en kan 'n groot struikelblok in die geloof wees.

Is die beste wat jy jou kind kan gee dalk geleerdheid; die beste skoolonderrig en verdere opleiding beskikbaar?

Nee, want die Skrif leer dat wysheid sonder God 'n gejaag na wind is en boonop ook 'n vermoënis vir jou liggaam.

Iemand anders sal sê die beste wat 'n ouer sy kind kan gee is 'n goeie opvoeding.

Nee, ook dit is waardeloos as hierdie opvoeding nie gebou is op die Woord van God nie.

Die bes opgevoede mens mag dalk 'n ateïs wees en nog steeds was dit nie die beste wat sy ouers hom kon gee nie.

Brs. en srs., die beste wat 'n ouer sy kind kan gee is om sy kind van God te leer.

Om jou kind so te begelei dat hy/sy God as Vader kan leer ken, Hom kan liefhê en Hom kan dien,

dit is die beste wat jy jou kind kan gee.

Sonder ware geloof beteken alle aardse goed niks.

Sonder geloof is rykdom, wysheid, en alle ander dinge nutteloos.

Die grootste opdrag van die HERE aan ouers is dat hulle die kinders van die HERE moet leer.

Daarom gee die HERE hier in psalm 78 die opdrag: ***Vertel jou kinders van die wonderdade van God.***

Geen ouer word hiervan vrygestel nie.

Geen volwassene word hiervan vrygestel nie, want al het jy self nie kinders nie,

dra jy as gemeentelid die verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie opdrag van God nagekom word.

Ons leef vandag in 'n wêreld waar mense nie meer self doen nie, maar ander betaal om iets vir hulle te doen.

As ek my kar wil regmaak dan betaal ek iemand om dit te doen.

As ek my huis se matte wil skoonmaak dan betaal ek iemand anders om dit te doen.

As ek een of ander diens verlang dan kry ek 'n verskaffer en ek betaal hom om dit vir my te doen.

Ek betaal iemand om my kinders op te pas.

Ek betaal iemand om my kinders op skool te onderrig.

So glo baie ouers verder dat ek iemand betaal om my kind van God te leer.

Solank ek my kind net by die kerk en die kerk besorg dan sal hulle my kind van God leer.

Br. en sr. met baie dinge in die lewe kan dit so werk, maar nie met my kind se geloofsopvoeding nie.

Dit is en bly elke ouer se eie verantwoordelikheid.

Die psalmdigter wys ons pragtig op die ketting van verantwoordelikheid wat loop van geslag tot geslag.

Hy sê: *“wat ons by ons ouers gehoor en geleer het, sal ons aan ons kinders leer en hulle sal dit aan hulle kinders vertel en hulle weer aan hulle kinders.”*

En die doel van dit alles:

Sodat die volk van God kan leer van sy magtige daede, van sy verlossing en oordeel en elke geslag in Hom kan glo.

Die doel van hierdie onderrig is dat God se kinders op Hom kan vertrou,

Hom gehoorsaam en van Hom kan leer.

Dit is die beste erfenis wat ouers aan hulle kinders kan gee.

Dit is die beste lewenswaarde wat een geslag aan die volgende kan oordra.

Ouers, besef julle hoe belangrik hierdie saak vir die Here is?

Dit is 'n saak van lewe en dood vir die volk van God.

By al die hoofmomente in die volk se geskiedenis

lê die Here klem op hierdie verantwoordelikheid van ouers.

Reeds met die verbondsluiting met Abraham word die kinders betrek

as God die opdrag gee dat hulle besny moet word.

Kinders moet weet waaroor dit gaan en ouers moet dit vir hulle leer.

Die doopsformulier verwoord dit soos volg:

Daar is geen beter teken en versekering JX se versoening UIT GENADE– as juis die kinderdoop nie.

Ons glo dat ons kinders, wat deel het aan die oordeel van God, ook deel het aan God se genadige versoening in JX. (al verstaan hulle nog nie die dinge nie).

Ons glo dit omdat God sy beloftes nie net aan ons nie maar ook aan ons kinders gee. Die doop is 'n teken van die verbond en die getrouheid van die Here en nie van ons geloof nie. As sy belofte met die doop van ons afgehang het, sou daar hoogstens -

maar eintlik nie eers 'n MISKIEN gewees het nie. Sy getrouheid is egter ons enigste troos en ons enigste hoop

Ons gryp vir ons en vir ons kinders vas aan JX as die enigste sekerheid . In Hom het die onmoontlike moontlik geword deurdat ons met God versoen is– vir ons en vir ons kinders.

Die doop plaas 'n verpligting op ouers om hulle kinders terwyl hulle opgroeï – breedvoerig oor die versoening in JX te onderrig.

Toe die Here besig was om Israel uit Egipte te verlos met die 10 wonderwerke wat Hy verrig het,

sê Hy vir Moses: *“Ek doen nou hierdie wonders met die Farao sodat jy eendag vir jou kinders kan vertel van hulle God se wonderdade.”*

Op die vooraand van hulle vertrek toe die Here die opdrag gee dat die volk die paaslam slag,

sê die Here: *“eendag sal jou kinders vra: wat beteken hierdie slagtery van die lammetjie? Dan moet jy hulle vertel hoe God julle gered het.”*

As die volk later by die berg Horeb kom waar die Here sy wet aan hulle afkondig dan kry die volk die opdrag: *“Leer jou kinders die wet van God.”*

In Deut. 6:4-7 word hierdie opdrag weer so herhaal. *“Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.”*

En in vers 20 van dieselfde hoofstuk staan: *“Wanneer jou seun jou later vra: wat beteken hierdie dinge? Dan moet jy hom vertel.”*

Moses sê in sy afskeidspreek vir die volk net voordat hulle die beloofde land ingaan om God se verlossing altyd vir hulle kinders te vertel, want dit is 'n saak van lewe of dood.

In ons doopsformulier bely ons as volg oor ons sonde en ons verlossing:

Sonde:

Daar is vir ons mense, en dit sluit ons kinders in – uit onself geen moontlikheid tot versoening met God nie. As ons sondes nie op een of ander manier toegemaak word – afgewas word nie, is daar vir ons geen redding nie. Dit word vir ons gewys in die doop en ons word ook oortuig daarvan deur die doop.

Verlossing:

Die tweede saak wat die doop ons op wys en van verseker is dat daar inderdaad deur Jesus Christus se kruisdood vir ons versoening gekom het

Jesus Christus het die Een geword waarin God se regverdigheid en sy barmhartigheid vir ons bymekaar gekom het. Daarom is ons sondes met sy bloed afgewas en het ons deel aan die VADER en SEUN en die HG

Die doop leer en verseker ons dat ons deel het aan die Vader en sy genadeverbond. Dat ons daarom seker kan wees dat ons sy kinders is en dat Hy vir ons die goeie wil gee.

Die doop leer en verseker ons dat ons Here, JX, ons van ons sondes verlos en dat ons daarom deur God regverdig gereken word.

Die doop leer en verseker ons dat ons die Heilige Gees in ons wil woon en dat Hy ons op die pad van heiligmaking en gehoorsaamheid wil lei totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

Sien jy dat om vir jou kind van God te leer, beteken vir hom of haar die ewige lewe of dalk die ewige dood, indien jy versuim om dit te doen?

Natuurlik is dit God self wat geloof skenk en geloof werk,

maar ons is die instrument van die Heilige Gees om deur ons kennisoordrag en ons eie voorbeeld geloof in u kind te bewerk.

Ons vind hierdie opdrag dwarsdeur die Skrif,

want dit gaan om ons kinders se geestelike lewe.

Hulle lewe met God of hulle lewe sonder God.

En dit is elke ouer, elke pa en ma, se verantwoordelikheid.

Wat 'n wonderlike voorreg en geleentheid vir elke pa en ma, oupa en ouma.

Dat God ons as ouers wil gebruik om ons kinders se geloof te help vorm.

Dink net watter impak het dit op my kinders en weer op hulle kinders!

Maar nou die vraag: **Waarom bestee ons so min tyd aan hierdie belangrik saak in ons lewe?**

99% van ons tyd word spandeer aan allerhande aardse dinge,

terwyl ons die belangrikste opdrag in sovele opsigte afskeep.

Ons kan nie veralgemeen nie, maar ons weet hoe ons kinders soms onvoorbereid kerkisasie toe kom.

Hoe hulle maar net hier kom sit al het hulle nie 'n idee wat hier aangaan nie.

En dit is nie hulle skuld nie, dit is ouers wat nie omsien dat hulle kinders in die Woord van die Here onderrig word nie.

Dit is 'n getuigenis van wat in die huis gebeur.

Besef mooi liewe ouer, God gaan van jou rekenskap eis oor jou kind se geloofslewe.

Doen jy wat die Here ons in hierdie psalm beveel?

Leer jy jou kind van God en sy wonderdade sodat jou kind Hom sal ken, sal dien, sal liefhê?

Dit is nie die kerk of die skool se verantwoordelikheid nie.

Dit is jou verantwoordelikheid.

Die kerk en die skool is hulpmiddels maar die ouer bly die eerste en belangrikste opvoeder.

Kinders luister en doen nie noodwendig wat jy as ouer vir hulle leer nie.

Myne is 4, ek weet dit goed.

Maar hulle doen wat jy doen.

Kinders leer uit ouers se lewe en voorbeeld.

En miskien, br. en sr., is ons hier by die kern van die saak.

Ons bely in ons doopsformulier rakende ons dankbaarheid as volg:

Die verbond van die Here bestaan egter uit twee dele. Daarom verplig die doop ons om in gehoorsaamheid teenoor die Here te lewe. Sy versoening in JX beteken nie dat ons kan aanhou sonde doen nie.

Ons moet God; Vader, Seun, en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n Godvrugtige lewe lei. En as ons soms uit swakheid in sondes val moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuigenis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Die Here verwag van ons 'n reaksie van dankbaarheid op die versoening wat Hy vir ons gewerk het. Wanneer ons beseft dat God ons uit genade gered het moet ons vir Hom lief wees, aan Hom gehoorsaam wees en moet ons anders as die wêreld begin optree.

Is van ons kinders se geloofslewe dalk 'n weerspieëling van ons eie gebrekkige geloofslewe?

Dat ons nie self kan vertel nie, want onself ken nie die Bybel nie?

Dat onself nie ons kinders van geloof en gehoorsaamheid kan leer nie, omdat onself nie op God vertrou en gehoorsaam aan sy Woord lewe nie?

As dit waar is, wat sal van ons kinders word?

Wat sal hulle weer hulle kinders dan van die Here kan leer?

Kom ons leer uit die geskiedenis van psalm 78 om nie dieselfde foute as ons voorgeslagte te maak nie.

Laat ons ons dan bekeer en doen wat God ons beveel.

Laat ons ons kinders van God en sy wonderwerke leer sodat hulle kan glo.

Hoe moet ons dit doen?

Kom ons word self eers weer leerlinge van God se genade.

Wat is die grootste wonderdaad van God?

Dat Hy sy liefde en genade in Christus geopenbaar het.

Jesus is die grootste Wonderdaad van God. Daarom kan ons ook leer dat as ons ons ongehoorsaamheid in hierdie saak voor die Here bely, Hy ons sondes in Christus sal vergewe.

Maar laat ons ook uit hierdie psalm leer dat God ons ook swaar sal beproef,
soos Hy met ons voorvaders gedoen het,
as ons hierdie saak bly nalaat en nie doen wat God ons beveel nie.

Deur onself te bekeer en te begin doen wat God beveel,
sal ons kinders leer wat ware geloof beteken.

Dat mense wat sondig, in Christus genade vind en weer voor kan begin.

Dat God 'n liefdevolle God is wat ons eers in genade wil aansien voor Hy ons ongehoorsaamheid straf.

Deur as volwassenes self die Here elke dag lief te hê en te vertrou,
sal ons kinders leer wat liefde en vertrouwe beteken.

Ons eie voorbeeld is en bly egter gebrekkig.

Dit is juis die ander groot openbaring in Ps. 78.

Dit teken vir ons die swakheid en die onvermoë van die mens.

Telkens moes God ingryp om sy volk te red.

Telkens moet God self sy volk terugbring en die verhouding tussen Hom en hulle herstel.

Daarom kan kinders nie uit ouers se kennis en voorbeeld gered word nie.

Dis nie die kennis van die wêreld wat jou red nie.

Dit lê nie in die mens self nie – nee: dit lê in 'n kennis van en verhouding met God.

Ons moet ons kinders uit die Woord leer wie God self is.

Hoe Hy hulle in Christus red en hoe Hy geloof deur die Heilige Gees in hulle plant en laat groei.

Dit is die wonderdade van God wat jou kind sy lewe by God gee.

Hulle moet uiteindelik self weet wat God van hulle verwag.

Leer hulle die Bybelverhale en pas dit toe in hulle lewe om te weet dat God ook in hulle lewe wonderdade verrig.

Daarom liewe ouer moet jy tyd maak in jou dagprogram om saam met jou kinders uit God se Woord te lees en hulle te leer wat dit beteken.

Weet jy wat jou kind van die Here glo?

Weet jy of jou kind bid as hy bang is?

Weet jy of jou kind werklik glo dat God bestaan of is dit vir die hulle maar net 'n mooi verhaal?

Praat met jou kind daaroor uit die Woord van God.

Gaan vanaand in sy kamer in en bid saam met hom en praat met hom oor sy geloof.

Maar al hierdie dinge sal nutteloos wees as ons kinders nie ook uit die lewe van hierdie gemeente

sien dat hierdie dinge waarlik betekenis het in die lewe van mense nie.

In ons doopsformulier bely ons:

Ons gemeente as verbondsvolk van God is ook betrokke by die doop van hierdie kind. Daarom moet ons vir die kleintjie, en al die kinders in die gemeente lief wees, vir hulle bid en 'n voorbeeld van lewe in Christus vir hulle wees.

Hierby word elke lidmaat betrek: ons almal het 'n verantwoordelikheid.

Ons is mos ook 'n huisgesin en hier moet ons met ons voorbeeld.

van geloof, vertrouwe, liefde vir mekaar en liefde vir God vir ons kinders wys wat al hierdie beteken.

As ons mekaar nie liefhet nie, as ons mekaar nie kan vergewe en mekaar kan bystaan nie, sal al ons onderrig nutteloos wees.

Slot

Die Here het ons verlos deur Jesus Christus en vir ons alles uit genade geskenk wat ons vir hierdie lewe en die ewige lewe nodig het.

Dit is God se grootse wonderdaad in ons lewe.

Jou ouers het dit vir jou geleer en jyself leer dit daagliks uit God se Woord.

Wat gaan jy vir jou kind gee?

Gaan jy die voorreg benut om 'n instrument in die Here se hand te wees om hierdie geskenk ook aan jou kinders te gee.

Of gaan jy jou taak versuim en jou kind maar aan sy eie lot oorlaat?

AMEN.